Vaalpark Gemeente
Vaalpark Congregation

Gebedsbulletin
No. 49 van 2019

08 Desember 2019

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Wie is ek?
Waar kry ek my identiteit?

Dit is die nuwe in-ding dat mens nou self jou identiteit moet kies, veral jou geslagtelike identiteit. Kinders moet blykbaar van kleins af die geleentheid gebied word om self hieroor te besluit. Gedoriewaar, soos wat my oupa sou sê! Ons as ouers laat ons kinders nie eens toe agter die stuur van 'n motor totdat ons hulle behoorlik geleer het om te bestuur nie. Ook handhaaf ons as volwassenes streng ouderdomsbeperkinge op die films en TV-stories waarna kinders mag kyk. Dieselfde geld vir die verkoop van alkohol aan minderjariges. Maar in dieselfde asem meen sommige grootmense kinders moet nou die reg hê om van vroeg af hul eie identiteit te kies. En om dit aan te pas soos dit hulleself pas.

Hoe dink ons as gelowiges oor identiteit? Wel, as navolgers van Jesus word ons identiteit uitsluitlik deur Hom bepaal. Elkeen wat in Christus glo is 'n nuwe mens, 'n nuwe skepping (2 Korintiërs 5:17). Ons is gekruisigdes (Galasiërs 2:19-20). Ons bely saam met Paulus dat Christus ons lewe is (Filippense 1:21). Alle ander identiteitsmerkers in ons lewe word gerelativeer deur Christus. In Galasiërs 3:27 verduidelik Paulus dit baie duidelik as hy sê dat in Christus is ons nie meer man of vrou, slaaf of vry, Jood of Griek nie. Nee, ons hou nie op om 'n man of vrou te wees nie. Of 'n Jood of Griek, of aan watter volksgroep ons ook al behoort nie. Maar dit is nie meer ons beslissende identiteit nie. Ons is nie iets soos Christen-Jode, of Christen-slawe, of Christen-mans, of Christen-rykes nie - al praat party gelowiges steeds so. Ons is slegs Christene, wat ook al ons beroep, status of geslag. Ons almal is voltydse navolgers van Jesus. Ons almal is ewe belangrik vir die Here. Ons almal se lewe word gedefinieer deur die feit dat Jesus ons geroep het met die woorde: "Volg My!" Ons is voltyds en lewenslank Syne. Die Here sê so. Daarom geld 1 Johannes 3:1 se woorde oor ons almal: "Kyk net watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God. En ons is dit ook!"

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

*Bid asb vir Janine Vorster–vir deurbraak in haar gesondheid
*Bid asb vir Lottie Conradie–kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
*Bid asb vir Maria Steyn–vir volkome genesing
*Bid asb vir Oom Sampie Swart -vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek
*Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy–vir volkome genesing. Albei ernstig siek
*Bid asb vir Ria Putter–vir volkome genesing
*Bid asb vir JP vd Walt–het longvlies-kanker. Vir volkome genesing
*Bid asb vir Hennie v Aswegen–vir spoedige herstel
*Bid asb vir John Stapleton–vir beterskap en volle genesing Het brein operasie gehad
*Bid asb vir Thea Bosman-sy het kanker
*Bid asb vir Basie Roux vir volle genesing–hy het prostaatkanker
*Bid vir Elsabé Pretorius–vir volle genesing na nek operasie
*Bid asb vir Evie Benson vir volle genesing
*Bid asb vir Hannes & Sophie Myburgh vir vertroosting na die skielike afsterwe van hulle kleinseun
*Bid asb vir Blanché Claassen vir volle herstel na operasie
*Bid asb vir Fred Olivier vir volle herstel na operasie
*Bid asb vir Sorika Rex vir volle herstel na operasie

"Therefore I tell you, whatever you ask for in prayer, believe that you have received it, and it will be yours."

Mark 11:24

Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
25 Des 2019	Kersdiens @ 08:00	NG Kerk
19 Jan 2020	Oom Karoolus & Lente	NG Kerk
17 Mei 2020	Paassangdiens – Rudi Muller @ 08:30	

(hierdie geleentheid mag jy nie misloop nie)

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade...***

- HERE, ek het U lief! AMEN

No one is in control of your happiness but you; therefore, you have the power to change anything about yourself or your life that you want to change.

Gedagte vir die week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.